



STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

Verkoopprijs • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)

Plaaslik **45c** Local
Buitelands 60c Other countries
Posvry • Post free

VOL. 251

KAAPSTAD, 28 MEI 1986

No. 10248

CAPE TOWN, 28 MAY 1986

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1030. 28 Mei 1986

No. 1030. 28 May 1986

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 50 van 1986: Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1986.

No. 50 of 1986: Financial Institutions Amendment Act, 1986.

Wet No. 50, 1986

WYSIGINGSWET OP FINANSIËLE INSTELLINGS, 1986

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Versekeringswet, 1943, ten einde die bevoegdhede van die registrateur om die registrasie van 'n versekeraar in te trek, uit te brei; die mate waarin uitstaande premies ten opsigte van korttermyn- en verpligte derdeparty-versekeringsbesigheid deur versekeraars as bates behandel kan word, verder te beperk; die oorbetalings van korttermyn-versekeringspremies deur tussengangers ontvang, verder te reël; die versekerde bedrag en die omvang van die risiko onder polisse wat na aanleiding van sekere voorwaardelike transaksies uitgereik word, te beperk; die verkryging, sonder voorafgaande goedkeuring van die registrateur, van 'n belang van 'n kwart of meer in 'n geregistreerde versekeraar, te belet; die verbod aangaande onderskeid, aanmoediging en verlening van krediet vir die betaling van premies ten opsigte van sekere polisse te hersien; tot wysiging van die Wet op Pensioenfondse, 1956, ten einde die omvang van die waardeerder se verslag oor sy ondersoek na die finansiële toestand van 'n pensioenfonds, uit te brei; 'n pensioenfonds te verplig om 'n skema vir die uitskakeling van 'n tekort deur die waardeerder van 'n fonds aangemeld, voor te lê; die voorwaardes waarop geregistreerde pensioenfondse behuisinglenings aan hulle lede kan toestaan, te hersien en die trefwydte van die verbod wat op sodanige lenings betrekking het, uit te brei; die registrateur te magtig om ongewenste praktyke en besigheidsmetodes deur pensioenfondse te verbied en sekere boetes te verhoog; tot wysiging van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985, ten einde die omskrywing van "president" uit te brei en die Suid-Afrikaanse Reserwebank te voeg by die lys van instellings in artikel 3 (3) van genoemde Wet aangewys; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 19 Mei 1986.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel 4ter van die Versekeringswet, 1943, word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg, terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word:

“(2) Wanneer die registrateur daarvan oortuig is dat 'n geregistreerde versekeraar opgehou het om—

- (a) ten opsigte van enige soort versekeringsbesigheid, nuwe polisse van so 'n aard en omvang uit te reik dat dit die voortgesette registrasie van die versekeraar vir daardie soort versekeringsbesigheid regverdig; of
- (b) sy versekeringsbesigheid te dryf op 'n wyse wat met die bepalings van hierdie Wet bestaanbaar is of andersins gewens is,

Wysiging van artikel 4ter van Wet 27 van 1943 soos ingevoeg deur artikel 5 van Wet 10 van 1965 en vervang deur artikel 3 van Wet 39 van 1969.

5

10

Wet No. 50, 1986

WYSIGINGSWET OP FINANSIËLE INSTELLINGS, 1986

kan die registrateur, met die toestemming van die Minister, bedoelde versekeraar by skriftelike kennisgewing verbied om, met ingang van 'n datum in die kennisgewing vermeld, enige polis vir daardie soort versekeringsbesigheid uit te reik, indien die registrateur die versekeraar in kennis gestel het van sy voorneme om die uitreiking van polisse vir daardie soort versekeringsbesigheid te verbied, en van die redes waarom hy voornemens is om dit te doen, en die versekeraar 'n tydperk van minstens 30 dae toegelaat het om ver-
toë in verband met die voorgename verbod tot hom te rig.

(3) Wanneer die registrateur na die inwerkingtreding van die verbod ingevolge subartikel (2) oortuig is dat die versekeraar nie meer kragtens enige polis wat voor sodanige inwerkingtreding ten opsigte van die betrokke soort versekeringsbesigheid uitgereik is, aanspreeklik is nie, trek hy die registrasie ten opsigte van daardie soort versekeringsbesigheid in."

Wysiging van artikel 15 van Wet 27 van 1943, soos vervang deur artikel 13 van Wet 73 van 1951 en gewysig deur artikel 10 van Wet 79 van 1959, artikel 11 van Wet 10 van 1965, artikel 3 van Wet 41 van 1966 en artikel 5 van Wet 101 van 1976.

2. Artikel 15 van die Versekeringswet, 1943, word hierby gewysig deur in paragraaf (d) die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"In die geval van korttermyn-versekeringsbesigheid of verpligte derdeparty-versekeringsbesigheid word geen uitstaande premie (hetsy dit teen 'n versekeringsmakelaar of 'n agent van die versekeraar gedebiteer is al dan nie) in die opgawe ingesluit nie, indien daar aan die end van die boekjaar waarop die opgawe betrekking het en wat voor 1 Januarie 1987 eindig, meer as ses maande verloop het sedert die datum waarop die premie deur die eienaar van die betrokke polis verskuldig geword het, of indien daar aan die end van die boekjaar waarop die opgawe betrekking het en wat op of na 1 Januarie 1987 eindig meer as twee maande verloop het sedert die betaaldatum van die premie soos bedoel in subartikel (9) van artikel 20bis, en word die waarde van ander uitstaande premies of premies wat teen versekeringsmakelaars of agente van die versekeraar gedebiteer is, aangegee teen 'n bedrag in die geheel hoogstens gelyk aan die volle bedrag van bedoelde premies min —".

Wysiging van artikel 20bis van Wet 27 van 1943, soos ingevoeg deur artikel 17 van Wet 10 van 1965 en gewysig deur artikel 7 van Wet 41 van 1966 en artikel 6 van Wet 94 van 1977.

3. Artikel 20bis van die Versekeringswet, 1943, word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf (a) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Elke sodanige agent, makelaar of persoon wat sodanige premie ten behoeve van so 'n versekeraar ontvang, moet—

(i) ten opsigte van premies ontvang voor 1 Januarie 1987, binne veertien dae na ontvangs daarvan die betrokke bedrag aan bedoelde versekeraar stuur; of

(ii) die bedrag daarvan onverwyld in 'n aparte trustrekening stort, en, ten opsigte van premies ontvang voor [1 Oktober 1977 binne vyf-en-veertig dae, ten opsigte van premies ontvang op of na 1 Oktober 1977 maar voor 1 Januarie 1979, binne negentig dae, en, ten opsigte van premies ontvang op of na 1 Januarie 1979, binne sestig dae] 1 Januarie 1987, binne sestig dae, en ten opsigte van premies ontvang op of na 1 Januarie 1987, binne dertig dae vanaf die einde van die maand waarin sodanige premies deur bedoelde agent, makelaar of persoon ontvang is, al die aldus gestorte geld aan die betrokke versekeraar stuur, en by die toepassing van hierdie subparagraaf word

FINANCIAL INSTITUTIONS AMENDMENT ACT, 1986

Act No. 50, 1986

the registrar may, with the consent of the Minister, by notice in writing prohibit such insurer, with effect from a date specified in the notice, from issuing any policy for that class of insurance business, if the registrar has notified the insurer of his intention to prohibit the issuing of policies for that class and of the reasons why he intends doing so, and has allowed the insurer a period of at least 30 days for making representations to him in connection with the proposed prohibition.

(3) When, after the commencement of the prohibition under subsection (2), the registrar is satisfied that the insurer is no longer liable under any policy issued before such commencement in respect of the class of insurance business in question he shall cancel the registration in respect of that class of insurance business."

2. Section 15 of the Insurance Act, 1943, is hereby amended by the substitution in paragraph (d) for the words preceding subparagraph (i) of the following words:

"In respect of any short term insurance business or compulsory third party insurance business, no outstanding premium (irrespective of whether or not it has been debited to an insurance broker or an agent of the insurer) shall be included in the statement if at the end of the financial year to which the statement relates and which ends before 1 January 1987, more than six months have elapsed since the date on which such premium became due by the owner of the policy in question or if at the end of the financial year to which the statement relates and which ends on or after 1 January 1987, more than two months have elapsed since the due date of the premium as contemplated in subsection (9) of section 20bis and the value of any other outstanding premiums or premiums debited to insurance brokers or agents of the insurer shall be shown at an amount which in the aggregate does not exceed the full amount of such premiums reduced by —".

Amendment of section 15 of Act 27 of 1943, as substituted by section 13 of Act 73 of 1951 and amended by section 10 of Act 79 of 1959, section 11 of Act 10 of 1965, section 3 of Act 41 of 1966 and section 5 of Act 101 of 1976.

3. Section 20bis of the Insurance Act, 1943, is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph (a) of subsection (2) of the following paragraph:

"(a) Every such agent, broker or person who receives such premiums on behalf of such insurer shall—

(i) in respect of premiums received before 1 January 1987, within fourteen days of receipt thereof, transmit the amount thereof to such insurer; or

(ii) forthwith deposit the amount thereof in a separate trust account and in respect of premiums received before [1 October 1977, within forty-five days, in respect of premiums received on or after 1 October 1977, but before 1 January 1979, within ninety days, and, in respect of premiums received on or after 1 January 1979 within sixty days] 1 January 1987, within sixty days, and in respect of premiums received on or after 1 January 1987, within thirty days of the end of the month during which such premiums were received by such agent, broker or person, transmit to such insurer all moneys so deposited, and for the purposes of this sub-

Amendment of section 20bis of Act 27 of 1943, as inserted by section 17 of Act 10 of 1965 and amended by section 7 of Act 41 of 1966 and section 6 of Act 94 of 1977.

- premies met 'n betaaldatum van 1 Oktober 1977 of later geag ontvang te gewees het op die betaaldag van daardie premies, indien hulle nie op 'n vroeër datum ontvang is nie; of
- (iii) bedoelde bedrag aan die betrokke versekeraar betaal, ten opsigte van premies ontvang voor **[1 Januarie 1979, binne negentig dae, en ten opsigte van premies ontvang op of na 1 Januarie 1979, binne sestig dae]** 1 Januarie 1987, binne sestig dae, en ten opsigte van premies ontvang op of na 1 Januarie 1987, binne dertig dae vanaf die einde van die maand waarin sodanige premies deur bedoelde agent, makelaar of persoon ontvang is, en by die toepassing van hierdie subparagraaf word **[premieries met 'n betaaldatum vroeër as 1 Oktober 1977 geag ontvang te gewees het op die datum waarop dit deur die eienaars van die betrokke polisse aan die versekeraar betaalbaar geword het, indien hulle nie op 'n vroeër datum ontvang is nie, en]** premies met 'n betaaldatum van 1 Oktober 1977 of later **[word]** geag ontvang te gewees het op die betaaldag van daardie premies, indien hulle nie op 'n vroeër datum ontvang is nie.”;
- (b) deur paragraaf (a) van subartikel 3 deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(a) So 'n agent, makelaar of persoon moet onverwyld wanneer geld deur hom aan 'n versekeraar verskuldig word, kies om ingevolge of subparagraaf (i) of subparagraaf (ii) of subparagraaf (iii) van paragraaf (a) van subartikel (2) oor te betaal, en moet daardie versekeraar skriftelik van die keuse deur hom gedoen in kennis stel, en so 'n agent, makelaar of persoon wat sy keuse wil verander, moet van die verandering minstens negentig dae skriftelike kennis gee aan elke versekeraar aan wie hy van so 'n keuse of so 'n verandering kennis gee het: Met dien verstande dat so 'n agent, makelaar of persoon—
- (i) nie na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1986, mag kies om ingevolge subparagraaf (i) van paragraaf (a) van subartikel (2) oor te betaal nie;
- (ii) wat voor bedoelde inwerkingtreding gekies het om ingevolge subparagraaf (i) van paragraaf (a) van subartikel (2) oor te betaal, sodanige keuse moet verander na 'n keuse om ingevolge subparagraaf (ii) of (iii) van paragraaf (a) van subartikel (2) oor te betaal, en voor 30 September 1986 aan elke betrokke versekeraar skriftelike kennis moet gee van die keuse.”;
- (c) deur paragraaf (c) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(c) So 'n waarborg moet ten gunste van die registrator en in 'n by regulasie voorgeskrewe vorm wees ten bate van al die betrokke versekeraars, en wel vir 'n bedrag wat volgens die sertifikaat van die betrokke agent, makelaar of persoon se ouditeur gelik is aan minstens—
- (i) vir die periode tot 31 Desember 1986, vyf-en-twintig persent van die premies wat deur bedoelde agent, makelaar of persoon gedurende sy jongste boekjaar aan geregistreeerde versekeraars verskuldig geword het, nadat gelde deur bedoelde versekeraars aan daardie agent, makelaar of persoon verskuldig in re-

FINANCIAL INSTITUTIONS AMENDMENT ACT, 1986

Act No. 50, 1986

paragraph premiums with a due date of 1 October 1977 or later shall be deemed to have been received on the due date of such premiums if not received on an earlier date; or

- 5 (iii) pay the amount thereof to such insurer, in respect of premiums received before **[1 January 1979, within ninety days, and, in respect of premiums received on or after 1 January 1979, within sixty days]** 1 January 1987, within sixty days, and in respect of premiums received on or after 1 January 1987, within thirty days of the end of the month during which such premiums were received by such agent, broker or person, and for the purposes of this subparagraph **[premiums with a due date earlier than 1 October 1977 shall be deemed to have been received on the date on which they became due to the insurer by the owners of the policies in question, if not received on an earlier date, and]** premiums with a due date of 1 October 1977 or later shall be deemed to have been received on the due date of such premiums, if not received on an earlier date.”;

- 25 (b) by the substitution for paragraph (a) of subsection (3) of the following paragraph:

- 30 “(a) Every such agent, broker or person shall forthwith upon becoming indebted to any insurer, elect to remit in terms of either subparagraph (i) or subparagraph (ii) or subparagraph (iii) of paragraph (a) of subsection (2), and in writing advise such insurer of the election made by him, and any such agent, broker or person who desires to change his election, shall give not less than ninety days’ written notice of the change to every insurer to whom he has given notice of such election or of any such change: Provided that such agent, broker or person—
- 40 (i) shall not after the commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1986, elect to remit in terms of subparagraph (i) of paragraph (a) of subsection (2);
- 45 (ii) who, before such commencement elected to remit in terms of subparagraph (i) of paragraph (a) of subsection (2), shall change such election to an election to remit in terms of either subparagraph (ii) or (iii) of paragraph (a) of subsection (2), and give written notice of the election before 30 September 1986 to every insurer concerned.”;

- 50 (c) by the substitution for paragraph (c) of subsection (3) of the following paragraph:

- 55 “(c) Such guarantee shall be in favour of the registrar and in a form prescribed by regulation for the benefit of all such insurers, and shall be for an amount certified by the auditor of the agent, broker or person concerned to be equal to not less than—
- 60 (i) for the period up to 31 December 1986, twenty-five per cent of the premiums which became due to registered insurers by such agent, broker or person in his last financial year after setting off any moneys which were owing to such agent, broker or person by such insurers.

kening gebring was, maar bedra nie minder as **[tienduisend of meer as honderduisend rand nie of, met ingang van 1 Oktober 1977, minder as]** honderdduisend rand of meer as tweehonderd-en-vyftig duisend rand nie;

(ii) met ingang van 1 Januarie 1987, 20 persent van die premies wat deur so 'n agent, makelaar of persoon in sy laaste finansiële jaar aan geregistreerde versekeraars verskuldig geword het, maar bedra nie minder as R100 000 nie.;

(d) deur subartikel (9) deur die volgende subartikel te vervang:

“(9) By die toepassing van hierdie artikel beteken—
“betaaldatum”—

(i) met betrekking tot 'n premie—

(a) in die geval van 'n nuwe polis, die aanvangsdatum van die polis;

(b) in die geval van 'n bestaande polis wat hernieu is, die hernuwingsdatum van die polis; en

(c) in die geval van 'n uitbreiding van, of ander verandering aan, 'n bestaande polis, die aanvangsdatum van sodanige uitbreiding of ander verandering;

(ii) met betrekking tot 'n paaieiment van 'n premie, die aanvangsdatum van die tydperk ten opsigte waarvan die paaieiment betaalbaar is;

“deposito-premie” 'n voorlopige premie waarop ooreengekom word in die geval waar dit onmoontlik is om op die betaaldatum van die premie die juiste premie te bepaal, en wat 'n redelike skatting van die premie verteenwoordig;

“premie” ook 'n deposito-premie en 'n paaieiment van 'n premie.”

Wysiging van artikel 23C van Wet 27 van 1943, soos ingevoeg deur artikel 9 van Wet 99 van 1980.

4. Artikel 23C van die Versekeringswet, 1943, word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) waar vereis word dat 'n nuwe polis uitgeneem word—

(i) **[hy die skuldenaar in kennis stel dat hy 'n vrye keuse het ten opsigte van die versekeraar by en die tussenganger deur wie die polis uitgeneem word; of**

(ii) **] om onroerende goed te verseker wat verhipotekeer word of moet word om 'n skuld of ander verpligting te beveilig, die premies wat kragtens die polis betaalbaar is, redelik is in verhouding tot premies wat in die algemeen ten opsigte van so 'n polis gehef word: Met dien verstande dat 'n serti-fikaat van die registrateur waarin hy verklaar dat na sy mening die betrokke premies redelik is, by die toepassing van hierdie subparagraaf voldoende bewys is dat daardie premies redelik is; of**

(ii) vir enige ander doel, of indien die premies wat kragtens die polis betaalbaar is, beskou word nie redelik te wees nie soos bedoel in subparagraaf (i), hy die skuldenaar in kennis stel dat hy 'n vrye keuse het ten opsigte van die versekeraar by of die tussenganger deur wie die polis uitgeneem word: Met dien verstande dat indien die polis 'n lewenspolis of 'n tuisdienspolis is, die versekerde voordeel slegs in die geval van dood of ongeschiktheid van die skuldenaar betaalbaar is en die bedrag van sodanige voordeel nie die verwagte bedrag van die skuld soos in die betrokke leningsooreenkoms bepaal, of ander verpligting wat uit die betrokke transaksie voortspruit, oorskry nie: Met dien ver-

FINANCIAL INSTITUTIONS AMENDMENT ACT, 1986

Act No. 50, 1986

but shall not be for less than **[ten thousand rand or more than one hundred thousand rand or, with effect from 1 October 1977, for less than]** one hundred thousand rand or for more than two hundred and fifty thousand rand;

(ii) with effect from 1 January 1987, 20 per cent of the premiums which became due to registered insurers by such agent, broker or person in his last financial year but shall not be for less than **R100 000.**”; and

(d) by the substitution for subsection (9) of the following subsection:

“(9) For the purposes of this section—

“deposit premium” means a provisional premium which is agreed upon in the event of it being impossible at the due date of the premium to determine the exact premium, and which represents a reasonable estimate of the premium;

“due date” means—

(i) in relation to a premium **[means]**—

(a) in the case of a new policy, the inception date of the policy;

(b) in the case of an existing policy which has been renewed, the renewal date of the policy; and

(c) in the case of any extension or other change of an existing policy, the inception date of such extension or other change;

(ii) in relation to an instalment of a premium, the inception date of the period in respect of which the instalment is payable;

“premium” includes a deposit premium and an instalment of a premium.”.

4. Section 23C of the Insurance Act, 1943, is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of subsection (1) of the following paragraph:

“(b) where it is required that a new policy is to be taken out—

(i) **[he informs the debtor that he has a free choice in respect of the insurer with and the intermediary through whom the policy is to be taken out; or**

(ii)] to insure immovable property which has been or is to be mortgaged to secure a debt or other obligation, the premiums payable under the policy are reasonable in relation to premiums generally charged in respect of any such policy: Provided that a certificate from the registrar in which he states that in his opinion the premiums in question are reasonable, shall for the purposes of this subparagraph be sufficient proof of the reasonableness of such premiums; or

(ii) for any other purpose, or if the premiums payable under the policy are considered not to be reasonable as contemplated in subparagraph (i), he informs the debtor that he has a free choice in respect of the insurer with and the intermediary through whom the policy is to be taken out: Provided that if the policy is a life policy or a home service policy, the insured benefit shall be payable only upon the death or the disablement of the debtor and the amount of such benefit shall not exceed the expected amount of the debt as determined in terms of the loan agreement or other obligation arising from the transaction in question:

Amendment of section 23C of Act 27 of 1943, as inserted by section 9 of Act 99 of 1980.

Wet No. 50, 1986

WYSIGINGSWET OP FINANSIËLE INSTELLINGS, 1986

stande voorts dat indien dit later sou blyk dat die werklike bedrag van die skuld of ander verpligting van die verwagte bedrag verskil, niks in hierdie voorbehoudsbepaling 'n paslike wysiging van die bedrag van die voordeel belet nie."

5

Vervanging van artikel 27 van Wet 27 van 1943, soos gewysig deur artikel 24 van Wet 73 van 1951, artikel 21 van Wet 10 van 1965 en artikel 10 van Wet 39 van 1969.

5. Artikel 27 van die Versekeringswet, 1943, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Verkryging van aandele of ander belang moet deur registrateur goedgekeur word. 27. Geen verkryging van aandele of 'n ander belang in die besigheid van 'n geregistreeerde versekeraar wat 'n kwart of meer beloop van die waarde van al die aandele of ander belang in daardie besigheid is van krag nie, tensy daardie verkryging vooraf skriftelik deur die registrateur goedgekeur is.”

10

Herroeping van artikel 27bis van Wet 27 van 1943, soos ingevoeg deur artikel 22 van Wet 10 van 1965 en gewysig deur artikel 11 van Wet 39 van 1969.

6. Artikel 27bis van die Versekeringswet, 1943, word hierby herroep.

15

Vervanging van artikel 51 van Wet 27 van 1943.

7. Artikel 51 van die Versekeringswet, 1943, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“In lewensversekeringsbesigheid word onderskeid, aanmoediging en krediet vir een-twaalfde van eerste jaar se premies verbied. 51. (1) 'n Versekeraar mag geen onderskeid maak of veroorloof nie tussen een lewenspolis en 'n ander wat betref hulle bepalings en voorwaardes tensy die waardeerder van die versekeraar homself tevrede gestel het dat die onderskeid op aktuariële gronde geregverdig is.
(2) Niemand mag regstreeks of onregstreeks aan enige ander persoon as aanmoediging aan so 'n ander persoon om 'n binnelandse lewenspolis uit te neem, enige teenprestasie betaal, toestaan of gee, of aanbied om dit te betaal, toe te staan of te gee nie, en niemand mag wetens as so 'n aanmoediging so 'n teenprestasie ontvang nie.
(3) 'n Versekeraar aanvaar nie 'n verpligting kragtens 'n binnelandse lewenspolis nie tensy hy minstens een-twaalfde van die eerste jaar se premie ontvang het of oortuig is dat daardie gedeelte van die premie deur aftrekorder, kredietkaart, debietorder of ander instrument deur die registrateur goedgekeur, betaal sal word.”

20

25

30

35

Vervanging van artikel 59 van Wet 27 van 1943, soos vervang deur artikel 17 van Wet 99 van 1980.

8. Artikel 59 van die Versekeringswet, 1943, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Toepassing van artikels 34, 36 tot 51 en 57A op tuisdiensbesigheid. 59. Die bepalings van artikels 34, 36 tot en met [50] 51 en 57A is mutatis mutandis van toepassing in verband met tuisdiensbesigheid.”

40

Wysiging van artikel 16 van Wet 24 van 1956, soos gewysig deur artikel 16 van Wet 86 van 1984.

9. Artikel 16 van die Wet op Pensioenfondse, 1956, word hierby gewysig deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

“(7) 'n Verslag ooreenkomstig een of ander van voorgaande subartikels deur 'n waardeerder gedoen moet, waar van toepassing, die volgende besonderhede bevat, te wete—
(a) die getal persone ten opsigte van wie verpligtinge bereken is, onderverdeel volgens aktiewe lede, uitgestelde pensioentrekkers en gevestigde pensioentrekkers, met onderskeidelik hulle ooreenstemmende jaarlikse pensioendraende besoldiging, jaarlikse uitgestelde pensioene en jaarlikse gevestigde pensioene: Met dien verstande dat waar die getal aktiewe lede, uitgestelde pensioentrekkers en gevestigde pensioentrekkers in

45

50

55

FINANCIAL INSTITUTIONS AMENDMENT ACT, 1986

Act No. 50, 1986

5 Provided further that nothing in this proviso shall prevent an appropriate variation of the amount of the benefit if the actual amount of the debt or other obligation should subsequently prove to differ from the expected amount."

5. The following section is hereby substituted for section 27 of the Insurance Act, 1943:

Substitution of section 27 of Act 27 of 1943, as amended by section 24 of Act 73 of 1951, section 21 of Act 10 of 1965 and section 10 of Act 39 of 1969.

10 "Acquisition of shares or other interest to be approved by registrar. 27. No acquisition of shares or any other interest in the business of a registered insurer amounting to one-quarter or more of the value of all the shares or other interest in that business, shall be of any force or effect unless that acquisition has previously been approved by the registrar in writing."

15 6. Section 27bis of the Insurance Act, 1943, is hereby repealed.

Repeal of section 27bis of Act 27 of 1943, as inserted by section 22 of Act 10 of 1965 and amended by section 11 of Act 39 of 1969.

7. The following section is hereby substituted for section 51 of the Insurance Act, 1943:

Substitution of section 51 of Act 27 of 1943.

20 "In life insurance business differentiation, inducements and credit for one-twelfth of first year's premiums are prohibited. 51. (1) No insurer shall make or permit any differentiation as between one life policy and another, in regard to their terms and conditions unless the valuator of the insurer has satisfied himself that the differentiation is justified on actuarial grounds.
 (2) No person shall pay, allow or give, or offer to pay, allow or give, directly or indirectly, to any other person, as an inducement to such other person to take out a domestic life policy any valuable consideration and no person shall knowingly receive as such an inducement any such valuable consideration.
 (3) No insurer shall assume an obligation under a domestic life policy, unless he has received at least one-twelfth of the first year's premium or is satisfied that such portion of the premium will be paid by stop order, credit card, debit order or other instrument approved by the registrar."

35 8. The following section is hereby substituted for section 59 of the Insurance Act, 1943:

Substitution of section 59 of Act 27 of 1943, as substituted by section 17 of Act 99 of 1980.

"Application to home service business of sections 34, 36 to 51 and 57A. 59. The provisions of sections 34, 36 to ~~50~~ **51**, both inclusive, and 57A shall apply *mutatis mutandis* in connection with home service business."

40 9. Section 16 of the Pension Funds Act, 1956, is hereby amended by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

Amendment of section 16 of Act 24 of 1956, as amended by section 16 of Act 86 of 1984.

45 "(7) A report made by a valuator in terms of any of the preceding subsections shall include, where applicable, the following particulars, namely—
